
Eskom
Pension and Provident Fund



# MEMBER GUIDE

Invested in our *members*

# LIDMAATSKAP-GIDS



## *Welkom by die Eskom-pensioen- en voorsorgfonds (EPPF)*

Beplanning vir aftrede is 'n belangrike deel van langtermyn-, persoonlike finansiële beplanning. Eskom verleen 'n helpende hand aan sy werknemers met aftreebeplanning deur 'n medium te voorsien vir geldbesparende aftreebeplanning, siektedekking en aftreespaargeld-bewaring deur die EPPF.

Die EPPF wend alle pogings aan om 'n lang en vrugbare verhouding te behou met al sy lede op die verskillende stadiums van hulle lewe.

Hierdie reis begin op die dag wanneer 'n lid by die EPPF aansluit en duur voort totdat die lid bedank, aftree of, as dit ongelukkig so gebeur, sterf.

Hierdie gids is 'n opsomming van die voordele vir lede soos uiteengesit in die reëls van die EPPF. Maar om op hoogte te bly van al die inligting wat op lede van toepassing is, gaan na die EPPF-webtuiste by www.eppf.co.za om bywerkings en kennisgewings te lees.



# Oor die EPPF

Die EPPF is in 1932 op die been gebring en het gegroei van 'n klein basis tot een van die grootste fondse in die aftree-geskiedenis.

Die Fonds is die grootste selfgeadministreerde pensioenfonds wat geregistreer is ingevolge die Wet op Pensioenfondse van 1956 en is goedgekeur as 'n pensioenfonds ingevolge die Inkomstebelastingwet van 1962.

As 'n vasgestelde voordeel (VV)-fonds voorsien die EPPF aftree-, onttrekkings-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele aan sy lede.

Ingevolge die bepalings van die EPPF se VV-struktuur, word 'n standaardformule gebruik om die voordele te omskryf wat betaalbaar word aan lede wanneer sekere dinge gebeur. Hierdie formule is gebaseer op die indienslid se jare van diens, pensioengewende salaris en 'n aktuariële faktor.

Maar wanneer 'n lid sy voordele onttrek (soos wanneer hy bedank) word die bedrag bereken en betaal volgens 'n lid se billike waarde of bydraes plus rente – watter een ook al die grootste is.

# Bestuur van die EPPF

Die EPPF word bestuur deur 'n Raad van Trustees (die Raad) wat bestaan uit 14 raadslede. Party van die raadslede word deur lede en pensioenarisse gekies, terwyl ander deur die werkgewer aangestel word.

## Raad van Trustees

**7** — **7 Lede word deur die werkgewer aangestel.**

**3** — **3 Gekies deur indienslede wat werknemers van die bedingingseenheid is, met een verteenwoordiger gekies uit elk van die vakbonde wat deur die werkgewer erken word.**

**2** — **2 Gekies deur indienslede wat nie werknemers van die bedingingseenheid is nie.**

**2** — **2 Gekies deur pensioenarisse.**

Die Raad is verantwoordelik vir die bestuur en prestasie van die EPPF. Dit voorsien strategiese riglyne en leierskap, maak seker dat daar goeie korporatiewe bestuur en etiek is en bepaal die EPPF-beleid.

Die Raad het verskeie komitees aan wie funksies gedelegeer word met die gesag om besluite namens die Raad te neem. Die Raad bly nogtans verantwoordelik vir elke besluit wat deur die verskeie komitees gemaak word en is op die ou end die finale gesagsvlak binne die EPPF.

Die komitees bestaan uit lede van die Raad, lede van die EPPF-bestuur, asook deskundige lede van buite, waar nodig. Die Raad se komitees is soos volg:

- Oudit- en risikokomitee;
- Voordele-komitee;
- Menslike hulpbronne- en vergoedingskomitee;
- Strategiese beleggingskomitee;
- Regs- en beheerkomitee; en
- Kommunikasiekomitee.

Die Raad delegeer ook die gedetailleerde beplanning, implementering en die dag-tot-dag-bestuur van die besigheid aan die Bestuurshoof van die EPPF, wat ook die Bestuursbeampte is. Die Bestuurshoof word ondersteun deur die Uitvoerende Bestuurspan om die besigheid van die EPPF te bedryf.



# Lidmaatskap van die EPPF

Die volgende mense mag lede van die EPPF word:

65- **Bydraende indienslede wat permanente werknemers is van Eskom Holdings SOC Limited (Eskom) en sy filiale en die EPPF, wat jonger as 65 jaar oud is.**

**Uitgestelde pensioenarisse wat voorheen indienslede was en wat die diens van Eskom of sy filiale en die EPPF verlaat het op daardie datum wat hulle gekies het om hulle pensioenvoordele by die EPPF uit te stel.**

**Voormalige werknemers van Eskom en sy filiale wat uit diens afgetree het en pensioenarisse geword het en wat 'n maandelikse pensioen by die EPPF kry.**

**Weduwees, wewenaars en kwalifiserende kinders van oorlede lede en oorlede pensioenarisse wat 'n pensioen ontvang.**

## Voordeleberading

Vanaf 1 Maart 2019 het die Wet op Pensioenfondse van 1956 dit deur verstekregulasies verpligtend gemaak dat alle fondse voordeleberading moet implementeer. Hierdie berading is beskikbaar wanneer jy by 'n fonds aansluit, wanneer jy bedank en drie maande voordat jy aftree. Gedurende die berading moet daar vir lede opsies, fooie en kostes gegee word om hulle te bemagtig sodat hulle goeie besluite in verband met hulle pensioen kan neem.

Lede word aangemoedig om die voordeleberading te gebruik, omdat hulle voorligting kry en ook die geleentheid het om die regte vrae te vra. Hoewel hulle voorligting en inligting kry, word die berading nie beskou as advies nie, want ons konsultante speel nie die rol van 'n finansiële adviseur nie. Die berading is daar om lede te help om 'n ingeligte besluit op 'n persoonlike vlak (met ons aftreefondskonsultante) of telefonies te maak.  Jy kan enige tyd vir berading vra as jy wil.

# Bydraes

## Maandelikse bydraes

As indienslid dra jy maandeliks 'n vaste persentasie gelyk aan 7,3% van jou pensioengewende salaris by. Die werkgewer dra 13,5% van jou pensioengewende salaris by.

Die definisie "pensioengewende salaris" verskil tussen sekere kategorieë van werknemers, en indienslede word aangeraai om by die Menslikehulpbronafdeling vas te stel wat hulle pensioengewende salaris is.

As 'n VV-fonds word alle inkomste in die vorm van bydraes en beleggingsinkomste toegewys aan 'n batepoel wat die EPPF gebruik om, ooreenkomstig die reëls van die EPPF-fonds, die voordele te befonds wat aan lede betaal word wanneer hulle onttrek, aftree of sterf.

## Skema vir addisionele vrywillige bydraes

Die EPPF gee lede wat addisionele spaargeld vir hulle aftrede opsy wil sit die geleentheid om Addisionele Vrywillige Bydraes (AVB's) te maak. AVB's word gekrediteer in jou indienslidmaatskaprekening en as 'n individuele voordeel hanteer.

Jy het die opsie om addisionele vrywillige bydraes te maak op 'n maandelikse, eenmalige of ad hoc-basis. Jy kan ook jou addisionele vrywillige bydraes enige tyd verhoog of verlaag.

Addisionele vrywillige bydraes word deur jou salarisafdeling van jou salaris afgetrek. Hoewel jy soveel kan bydra as wat jy kan bekostig, is slegs pensioenbydraes tot 'n maksimum van 27,5% van die bruto vergoeding per jaar of 'n maksimum van R350 000 per jaar belastingaftrekbaar.

Indien jou bydraes in 'n enkele belastingjaar die maksimum toelaatbare bydrae vir belastingdoeleindes oorskry, sal jy die opsie hê om die belastingaftrekking oor te dra na daaropvolgende jare of om 'n belastingaftrekking te eis teen jou pensioen-lompsom by aftrede.

Dit dien as deurlopende belastingbesparing-aansporing as jy addisionele vrywillige bydraes maak. Jou addisionele vrywillige bydraes word by jou voordeleberekening gevoeg wanneer jy onttrek, aftree, weens swak gesondheid aftree of sterf, en dit vergroot die waarde van jou voordeel.

As jy 'n aftreefondsvoordeel vanaf 'n vorige werkgewer wil oordra na die EPPF wanneer jy aansluit, moet jy 'n aansoek daarvoor indien. Vir die oordrag na die EPPF kan jy aansoek doen deur die relevante MH-afdeling en, indien die oordrag goedgekeur is, sal die kontantwaarde van daardie oordrag deur die EPPF aanvaar word. Hierdie voordeel sal as 'n addisionele vrywillige bydrae hanteer word.

Die pensioengewende porsie van aansporings of prestasiebonusbetalings vanaf die werkgewer word ook soos AVB's hanteer. As deel van die diensvoordele dra jy 7,3% van jou prestasiebonus by en die werkgewer dra 13,5% van jou bonus namens jou by. Soos bo genoem, vorm hierdie bydraes deel van jou AVB's, wat dus jou AVB-balans laat groei.

Alle AVB's verdien maandeliks rente, teen 'n saamgestelde rentekoers. Die rentekoers vir AVB's word kwartaalliks deur die Raad verklaar, gebaseer op werklike EPPF-beleggingsprestasie oor 'n rollende tydperk van die drie voorgaande jare, en word aangepas om 'n gladstrykende effek oor tyd te voorsien. Die bygewerkte rentekoerse is beskikbaar op die EPPF-webtuiste by www.eppf.co.za.

As jy hierdie beleggingsalternatief wil gebruik, kan AVB's nou geïmplementeer word deur die Eskom-aanlynplatform, Zenzele, of op ons webtuiste by www.eppf.co.za. Indienslede wat AVB's doen, kry elke jaar 'n voordelestaat wat die waarde aandui van hulle opgehoopte AVB's en die rente wat daarop verdien is, tesame met 'n belastingsertifikaat.

Die belastingsertifikate maak deel uit van die lid se jaarlikse indienings en belastingberekenings aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS).

## *Voordele betaalbaar by onttrekking*

As jy bedank, jou pos besnoei word of afgedank word, is jy geregtig op jou onttrekking-voordeel.

As jy jou opsies ten opsigte van jou pensioenfondsvoordeel oorweeg wanneer jy diens verlaat, is dit altyd goed om, heel eerste, te weet wat die waarde van jou voordeel is. Jy kan 'n skatting van jou voordeel bereken op ons webtuiste www.eppf.co.za of deur ons inbelsentrum by 0800 11 45 48 en info@eppf.co.za.

Die voordele betaalbaar ten opsigte van die verskillende vorme van diensverlating word onder bespreek.

## *Voordele betaalbaar by bedanking*

**Ingevolge die Wet op Pensioenfondse en die reëls van die EPPF, is die voordeel wat aan jou betaalbaar is wanneer jy bedank jou Minimum Individuele Reserwe (MIR). Jou MIR word omskryf as wat ook al die grootste is:**

- **Jou opgehoopte bydraes, plus rente op die bydraes; of**
- **Jou billike waarde gebaseer op die vooraftrede-formule;**
- **Jou addisionele vrywillige bydraes, indien enige, asook rente; en**
- **Jou prestasiebonusbydraes, indien enige, asook rente.**

Die 'billike waarde'-berekening is gebaseer op die aktuariële formule wat vir aftrede gebruik word, wat jou finale gemiddelde salaris vir die laaste 12 maande, jou diensjare, die FSCA-verdienste-opbrengskoers en 'n voorafbepaalde aktuariële faktor in ag neem.




Invested in our *members*

Maar as jy kies om jou voordeel in die EPPF uit te stel, sal die voordeel wat betaalbaar is ná uitstel gebaseer wees op die berekening van die lid se Aktuariële Reserwewaarde (ARW) ten tye van diensverlating, onderworpe aan die voorwaarde dat jou MIR-voordeel op daardie tyd groter is as jou ARW-voordeel. Dit beteken dat, as jy besluit om jou voordeel in die EPPF uit te stel, 'n hoër bedankingsvoordeel toegeken kan word, en dit sal uiteindelik 'n hoër aftreewaarde beteken wanneer jy aftree.

Die opsies wat beskikbaar is by onttrekking word bespreek onder die afdeling Opsies by onttrekking.

## Onttrekking ná die ouderdom van 55

As jy onttrek (en van plan is om aan te hou werk) en jou voordeel as kontant wil neem ná die ouderdom van 55 maar voor jy 65 word, vereis die EPPF bewys van alternatiewe werk, selfwerksaamheid of enige ander dokumentasie wat vereis kan word om aan SARS-vereistes te voldoen.

Sonder bewyse van alternatiewe werk, sal jou jou diensverlating as aftrede hanteer word.

## Besnoeiing

**Die MIR aan jou betaalbaar by besnoeiing is die grootste van:**

1
- **Jou opgehoopte bydraes, plus rente;**
- **Jou billike waarde; OF**

2
- **Drie keer jou lidmaatskapbydraes;**
- **Jou addisionele vrywillige bydraes, indien enige, plus belasting; en**
- **Jou prestasiebonusbydraes, indien enige, plus rente.**



## Besnoeiing ná die ouderdom van 50 en met 10 jaar se diens

As jy tussen die ouderdom van 50 en 65 is en vir 'n minimum van 10 jaar as 'n indienslid bygedra het en jou pos word besnoei, mag jy vroeë aftrede neem sonder enige boetes. Maar dit moet onderling ooreengekom word met die werkgewer.

Aftrede in hierdie geval dra geen boetes nie omdat die werkgewer die koste van enige boetes namens jou dra. Daarbenewens kan die werkgewer ook voorsiening maak vir bykomende potensiële diens en sal hulle daardie koste namens jou dra.

## Voordeel betaalbaar by afdanking

As jy afgedank word, is die betaalbare voordeel dieselfde as die betaalbare voordeel by bedanking.

## Opsies by onttrekking

Ongeag die aard van onttrekking, is daar verskeie opsies beskikbaar by onttrekking. Dit is verstandig om jou voordeel te bewaar wanneer jy uit die EPPF onttrek om te verseker dat die finansiële voorsiening vir jou aftrede so groot as moontlik is. Die verskillende opsies by onttrekking word onder bespreek.

## Die uitstel van 'n deel van of die hele voordeel in die EPPF

Jy het die opsie om jou volle voordeel in die EPPF, of 'n deel daarvan, uit te stel.

**Die volgende drie opsies is beskikbaar by uitstel:**

- **Stel die volle waarde van die voordeel in die EPPF uit;**
- **Neem 'n maksimum van die belastingvrye bedrag in kontant en stel die balans uit in die EPPF; of**
- **By besnoeiing het jy ook die opsie om 'n kontantterugbetaling te neem gelyk aan jou opgehoopte lidmaatskapbydraes, minus belasting, en om die balans in die EPPF uit te stel.**

Belastingtabelle vir die relevante belastingjaar is beskikbaar op die SARS-webtuiste by www.sars.gov.za.



**Wanneer jy jou voordeel uitgestel het, geld die volgende voorwaardes:**

- Die besluit om 'n oordragwaarde uit te stel, is onherroeplik wanneer dit eers gedoen is;
- Die uitgestelde voordeel kan nie gesedeer word of as sekuriteit vir 'n lening gebruik word nie
- Geen verdere bydraes kan gemaak word wanneer 'n voordeel eers uitgestel is nie
- Indien jy ná jou onttrekking en jou uitstel terugkeer na die diens van die werkgewer, bly jou uitgestelde voordeel apart en word dit behou as 'n uitgestelde voordeel in die EPPF totdat jy aftree
- Rente op uitgestelde voordele word maandeliks saamgestel, en die Raad hersien en verklaar 'n rentekoers op 'n kwartaallikse basis. Rentekoerse is beskikbaar op die EPPF-webtuiste by www.eppf.co.za
- Jy kan aftree en 'n pensioen neem op jou uitgestelde voordeel, gebaseer op die waarde van jou uitgestelde voordeel, enige tyd vanaf die ouderdom van 55, maar nie later as die maand waarin jy 65 word nie
- Wanneer jy aftree, kan jy maksimum een derde van jou voordeel as kontant neem. Die balans moet gebruik word om 'n verpligte lewenslange pensioen by die EPPF te kry

Nog 'n belangrike voordeel van die uitgestelde skema is dat daar geen administrasiekostes is wanneer jy 'n voordeel met die EPPF uitstel nie, en daar is geen addisionele bestuursfooie nie. Alle lede met uitgestelde voordele ontvang elke jaar 'n uitgesteldevoordeel-staat wat die oorspronklike oordragwaarde wys, asook die rente wat daarop verkry is. Jy kan ook op die aanlynportaal vir lede gaan kyk.

**Elektroniese kommunikasie:**
Jy het die opsie om die jaarlikse uitgestelde-staat en alle ander kommunikasie van ons af per e-pos of SMS te ontvang. Om hierdie diens te aktiveer, moet jy die vorm invul: "Consent to Receive Correspondence by Email and SMS" en dit by die EPPF indien. Die vorm is beskikbaar op die EPPF-webtuiste by www.eppf.co.za.

## *Dra 'n deel van of die hele voordeel oor na 'n ander goedgekeurde fonds*

Jy het die opsie om jou volle voordeel, of 'n deel daarvan, oor te dra na 'n ander goedgekeurde fonds in Suid-Afrika. Goedgekeurde fondse sluit in 'n ander werkgewer se pensioen- of voorsorgfonds, 'n pensioenbewaringsfonds, 'n bewaringsvoorsorgfonds of 'n aftree-annuïteit.

Oordragte na 'n ander werkgewer se pensioenfonds, 'n pensioenbewaringsfonds of 'n aftree-annuïteit is belastingvry. Oordragte na 'n bewaringsvoorsorgfonds of 'n werkgewer se voorsorgfonds is belasbaar.

Dit is verbode om jou voordeel direk van die EPPF oor te dra na 'n ander aftreebeleggingsvoertuig buite Suid-Afrika. As jy dit wil doen, moet jy die voordeel onttrek en eers as kontant neem, en daarna die voordeel in 'n ander aftreefonds-reëling buite Suid-Afrika belê. So 'n onttrekking is onderhewig aan die toepaslike belasting by onttrekking in Suid-Afrika. `

## *Die hele voordeel word as kontant geneem*

Jy kan kies om jou hele voordeel by die EPPF as kontant te neem. Maar dit is onderhewig aan verdere strafbelastingkoerse en dit verminder die bedrag wat vir aftreespaargeld oorbly noemenswaardig. Besonderhede oor betaalbare belasting by onttrekking vir die relevante belastingjaar is beskikbaar op die EPPF-webtuiste by www.eppf.co.za.

## *Betaling van 'n kontantvoordeel na 'n Suid-Afrikaanse bankrekening*

Wanneer jy onttrek en die EPPF verlaat, moet jy 'n Aansoek om onttrekking-vorm invul. Jy moet seker maak dat jy al die besonderhede reg ingevul het en dat die relevante dokumente voorsien word, soos op die vorm gespesifiseer.

Jou vorm moet by die EPPF ingedien word deur jou Menslikehulpbron-kantoor.

## *Betaling van 'n kontantvoordeel na 'n bankrekening buite Suid-Afrika*

Wanneer jy onttrek en jou voordeel wil oordra na 'n bank buite Suid-Afrika, moet jy die volgende vorms invul:

- Aansoek om onttrekking-vorm
- Internasionale bank-vorm

Die oorspronklike Internasionale bank-vorm moet ingevul word deur die bank waarheen jy jou voordeel wil oordra of deur jou buitelandse valuta-diensverskaffer en moet by die EPPF ingedien word.

Let wel: Dit kan langer duur om 'n voordeel wat inbetaal word by 'n bank buite Suid-Afrika te verwerk as 'n voordeel wat inbetaal word by 'n plaaslike bankrekening, omdat die EPPF moet wag vir die oorspronklike, voltooide Internasionale bank-vorm vanaf jou bank of buitelandse valuta-diensverskaffer. As jy weet dat jy van plan is om jou voordeel oor te dra na 'n bank buite Suid-Afrika beveel ons aan dat jy die Internasionale bank-vorm ten minste twee of drie maande voor jou uittrede na jou bank stuur sodat dit die EPPF betyds kan bereik.

Of, as jy jou Suid-Afrikaanse bankrekening kan oophou nadat jy uitgetree het, kan die EPPF jou voordeel in jou Suid-Afrikaanse rekening inbetaal, en dan kan jy die voordeel oordra nadat dit aan jou betaal is.

## *Dokumente wat nodig is by onttrekking*

By onttrekking uit diens moet die volgende dokumente aan die EPPF voorsien word, tesame met die Aansoek om onttrekking-vorm:

- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van jou identiteitsdokument of paspoort
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopieë van die egskeidingsbevel (indien van toepassing)
- 'n Oorspronklike, gestempelde brief van die bank met jou bankrekeningbesonderhede of 'n oorspronklike bankstaat met die bankstempel op die vorm (indien die voordeel in 'n Suid-Afrikaanse bankrekening inbetaal word)
- 'n Oorspronklike Internasionale bank-vorm (as die voordeel in 'n bankrekening buite Suid-Afrika inbetaal word)
- As jy kies om jou voordeel in die EPPF uit te stel, moet 'n Uitgestelde pensioenvoordeel-nominasievorm ingevul word as jy na 'n ander fonds oorgaan



# Voordele betaalbaar by aftrede

Jy het die opsie om enige tyd vanaf die ouderdom 55 af te tree, maar nie later nie as die maand waarin jy 65 word.



**Die aftreevoordeel word volgens die volgende formule bereken:**

Finale gemiddelde salaris × Jare van diens (in maande) × Pensioenkoers ÷ 600

Die verskillende tipes aftrede word onder bespreek.

## Vroeë aftrede met boetes

Jou aftreevoordeel sal gepenaliseer word as jy tussen die ouderdom van 55 en 63 aftree, wat jou betaalbare pensioen met 3,9% per jaar sal verminder vir elke jaar tot op ouderdom 63, of met 0,325% per maand tot op ouderdom 63.



## Vroeë aftrede sonder boetes

Jy kan van die ouderdom van 55 tot 63 op vroeë pensioen gaan sonder boetes soos onderling ooreengekom met jou werkgewer. In hierdie geval sal jou werkgewer betaal vir die koste van vroeë aftrede (d.w.s. die boete).

Vanaf die ouderdom van 63 tot 65 is jy daarop geregtig om sonder boete af te tree.



## Normale aftrede

Daar word van jou verwag om op die laatste af te tree aan die einde van die maand waarin jy 65 jaar oud word.






## *Aftrede weens swak gesondheid/ongeskiktheid*

Indien jy permanent fisies gestremd of ongeskik raak en nie langer in jou eie of enige ander geskikte posisie kan werk nie, kan jy dalk kwalifiseer vir aftrede weens swak gesondheid/ ongeskiktheid. Dit is onderhewig aan die aanbeveling van die EPPF se mediese paneel en die goedkeuring van die Raad.

**Die voordeel vir aftrede weens swak gesondheid/ ongeskiktheid word bereken volgens die aftreevoordeel-formule. Die diensgedeelte van die formule word as volg bereken:**

**i.Die werklike pensioengewende diens opgeloop tot op die werklike datum van aftrede weens swak gesondheid/ongeskiktheid**

**+**

**ii. 75% van die toekomstige diens wat voltooi sou word vanaf die datum van aftrede weens swak gesondheid/ongeskiktheid tot op die normale aftreedatum**

**As jy 'n voorafbestaande toestand het wat bekend was voordat jy by die werkgewer begin werk en lid van die EPPF geword het en dan binne die eerste vyf jaar van diens vir aftrede weens swak gesondheid/ongeskiktheid aansoek doen, sal die betaalbare voordeel een van die volgende wees:**

**'n Verminderde voordeel gelyk aan 50% van die voordeel onder die afdeling Aftrede weens swak gesondheid/ ongeskiktheid hierbo, as jy kwalifiseer vir die swak gesondheid- & uitgestelde-voordeel**

**OF**

- **'n Voordeel gelyk aan die aktuariële waarde soos op die datum van uittrekking, wat jy in die EPPF moet uitstel en toegang moet verkry op 'n later aftreedatum. Toegang tot die uitgestelde voordeel kan slegs vanaf 55-jarige ouderdom verkry word en al die reëls van 'n uitgestelde voordeel wat onder daardie afdeling bespreek word**
- **Dit sal moontlik wees om 'n deel van of die volle voordeel in die EPPF uit te stel**

## *Opsies by aftrede*

**Wanneer jy aftree, word jou voordeel gebruik om jou van 'n lewenslange pensioen van die EPPF te voorsien. Jy sal die volgende opsies hê wanneer jy aftree:**

- Neem die volle pensioen sonder enige lomp som. Hierdie opsie gee jou die maksimum maandelikse betaalbare pensioen
- Neem tot 'n maksimum van een derde van die aftreevoordeel as 'n kontant-lompsom. Die balans van jou voordeel moet gebruik word om 'n verpligte maandelikse pensioen van die EPPF te kry. Hierdie opsie verminder jou maandelikse pensioen.

Die belastingtabelle wat op aftrede van toepassing is, is beskikbaar by www.sars.org.za

Die EPPF gee vir pensioenarisse een keer per jaar verhogings, en hulle kan ook jaarliks 'n spesiale bonus aan pensioenarisse gee, wanneer dit bekostigbaar is.

Die EPPF se beleid met pensioenverhogings is om 'n verhogingskoers te teiken, maar nie te waarborg nie, gelyk aan die jaarlikse inflasiekoers, soos uitgegee deur Statistiek Suid-Afrika.

Ingevolge die reëls van die EPPF word bonusse egter nie gewaarborg nie, en kan na goeddunke van die Raad toegestaan word. Bonusbetalings word bepaal deur verskeie faktore, wat die beleggingsprestasie van die EPPF insluit.

## *Aftrede van 'n uitgestelde pensioenaris*

Uitgestelde pensioenarisse mag hulle uitgestelde, opgehoopte waarde enige tyd vanaf die ouderdom van 55 neem, en nie later nie as die maand waarin hulle 65 word. Die opgehoopte waarde bestaan uit die oorspronklike uitgestelde oordragwaarde plus rente wat daarop opgeloop het.

**Die volgende opsies word beskikbaar wanneer 'n uitgestelde pensioenaris aftree:**

- Neem die volle pensioen met geen lomp som. Hierdie opsie gee die maksimum maandelikse betaalbare pensioen;
- Neem tot 'n maksimum van die belastingvrye lomp som indien van toepassing. Die balans van die voordeel moet gebruik word om 'n verpligte maandelikse pensioen van die EPPF te kry. Hierdie opsie verminder ook die maandelikse pensioen.
- Neem tot 'n maksimum van een derde van die aftreevoordeel as 'n kontant-lompsom. Die balans van jou voordeel moet gebruik word om 'n verpligte maandelikse pensioen van die EPPF te kry. Hierdie opsie verminder jou maandelikse pensioen.

Die belastingtabelle wat op aftrede van toepassing is, is beskikbaar op die SARS-webtuiste by www.sars.org.za.

As pensioenarisse aansoek wil doen vir aftrede ten opsigte van die uitgestelde voordeel moet hulle 'n "Application for Retirement Benefits"-vorm invul en dit direk by die EPPF indien.



# Dokumente wat nodig is by aftrede

Soos met alle vorme van aftrede, moet die uitgestelde pensioenaris saam met die vorm ook die volgende dokumente ingee as hy aansoek doen vir aftreevoordele by die EPPF:

- Aansoek om aftrede-vorm
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van identiteitsdokument of paspoort
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die gade se identiteitsdokument of paspoort (indien van toepassing)
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die huweliksertifikaat of gewoonteverbintenis (indien van toepassing)
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopieë van geboortesertifikate, annemingsdokumente of identiteitsdokumente van kinders onder 21 (indien van toepassing)
- Bewys van volgehoue mediesefonds-lidmaatskap (indien van toepassing)
- 'n Gestempelde bankbrief met jou bankrekeningbesonderhede of 'n oorspronklike bankstaat met die bank se stempel op die vorm
- 'n Oorspronklike, voltooide Internasionale bank-vorm, as jy jou pensioen in 'n bank buite Suid-Afrika wil ontvang
- Twee paspoortgrootte foto's vir 'n pensioenariskaart

# Sterftevoordele

Jou afhanklikes en/of begunstigdes sal daarop geregtig wees om die Sterftevoordeel te ontvang indien jy sou sterf terwyl jy 'n indienslid, uitgestelde pensioenaris of pensioenaris is. Die betaalmetode en toekenning van die voordele word onder beskryf:

## Toekenning van lompsom-sterftevoordele: Wet op Pensioenfondse, Artikel 37C

Indien 'n indienslid of 'n uitgestelde pensioenaris sterf voordat hulle aftree, sal die kwalifiserende afhanklikes van die lid/uitgestelde pensioenaris daarop geregtig wees om 'n lompsom-voordeel te ontvang benewens 'n maandelikse pensioen (indienslid) of slegs 'n lomp som (uitgestelde pensioenaris).

Lompsom-sterftevoordele word soos volg toegeken ingevolge die bepalings van Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse:

Om vas te stel wie die lompsom-voordeel moet kry wanneer 'n indienslid of 'n uitgestelde pensioenaris sterf, moet die EPPF ondersoek instel om uit te vind wie die afhanklikes en/of begunstigdes is. Die bevindinge word aan die Raad voorgelê, wat dan besluit hoe dit toegeken word.

Wanneer lompsom-sterftevoordele toegeken word, word prioriteit gegee aan 'n lid/uitgestelde pensioenaris se wettige afhanklikes. Dit sluit die gade in en kwalifiserende kinders.

**'n Gade is:**

- Iemand met wie die lid/uitgestelde pensioenaris getroud is ingevolge die Suid-Afrikaanse Huwelikswet
- Iemand met wie die lid/uitgestelde pensioenaris getroud is ingevolge die beginsels van 'n godsdiens
- Iemand met wie die lid/uitgestelde pensioenaris getroud is ingevolge 'n gewoonteverbintenis
- Iemand met wie die lid/uitgestelde pensioenaris getroud is ingevolge 'n burgerlike verbintenis
- 'n Permanente lewensmaat

**Kwalifiserende kinders is:**

- Biologiese of wettig aangenome kinders onder die ouderdom van 21;
- Postume kinders wat gebore word nadat 'n lid/uitgestelde pensioenaris dood is; en
- Kinders wat permanent fisies of verstandelik ongeskik is ouer as 21 jaar. Die ongeskiktheid moes plaasgevind het voor die kind 21 geword het en terwyl die hooflid nog gelewe het.

Voordele kan ook toegeken word aan feitelike afhanklikes, soos ouers of sibbes vir wie jy finansieel gesorg het. Faktore wat in aanmerking kom vir die toeken van die lompsom-voordeel sluit in die afhanklikes se ouderdomme, die mate van afhanklikheid, die aard van die verhouding met die lid, toekomstige potensiële verdienvermoë en die lompsom-bedrag wat beskikbaar is vir toekenning.

As jy sonder afhanklikes sterf, word die voordeel toegeken aan begunstigdes wat jy dalk genomineer het, maar wat nie finansieel van jou afhanklik was nie (genomineerdes); op voorwaarde dat jou boedel nie insolvent is nie. As jy gekies het dat jou voordeel aan genomineerdes toegeken moet word en jou boedel insolvent is, moet die Raad eers 'n bedrag aan die boedel betaal om dit solvent te maak voordat die orige voordeel aan die genomineerdes betaal kan word. As daar geen genomineerdes is nie, word die volle bedrag in jou boedel inbetaal.

Dit is dus raadsaam om 'n Begunstigde-nominasievorm in te vul en gedurig by te werk met die lys van jou afhanklikes en/of begunstigdes eerste, en dan jou genomineerdes, as jy enige het. Die Raad neem sy besluite regtens die regsvereistes van die wet, jou begunstigde-nominasievorm en enige ander ekstra, beskikbare inligting. As jy jou Begunstigde-nominasievorm invul, versnel en vergemaklik dit die proses om jou voordeel toe te ken.

Indienslede moet die Begunstigde-nominasievorm vir indienslede invul en dit by hulle menslikehulpbron-kantoor indien.

Uitgestelde pensioenarisse moet die Begunstigde-nominasievorm vir uitgestelde pensioenarisse invul en dit by die EPPF indien wanneer hulle onttrek en uitstel.

Die relevante begunstigde-nominasievorm moet bygewerk word wanneer nodig, met lewensveranderende gebeure soos 'n huwelik, egskeiding, geboorte of aanneming van kinders of by die dood van enige van jou afhanklikes. Die vorm word gebruik om die EPPF te help om Artikel 37C-ondersoeke in te stel en vas te stel hoe die voordeel toegeken moet word.

Die Begunstigde-nominasievorms is beskikbaar op die EPPF-webtuiste by www.eppf.co.za.

**Let wel: Ingevolge die Wet op Pensioenfondse het die EPPF tot 12 maande, indien nodig, om sterftevoordeel-ondersoeke en lompsom-betalings te doen. Maar in sekere omstandighede kan dit langer as 12 maande duur om hierdie ondersoeke en lompsom-betalings te doen.**

## *Voordele betaalbaar by afsterwe*

Wanneer 'n indienslid, 'n pensioenaris of 'n uitgestelde pensioenaris wat afgetree het en pensioen begin trek het, sterf, word 'n maandelikse pensioen betaalbaar aan die lid se kwalifiserende gade en kwalifiserende kinders. Die volgende toestande is van toepassing op die maandelikse betaalbare pensioene:

- Die kwalifiserende gade sal 'n lewenslange pensioen ontvang; maar as 'n uitgestelde pensioenaris ná aftrede sterf, is die betaling van 'n voortgesette maandelikse pensioen beperk tot die oorlewende gade met wie die uitgestelde pensioenaris getroud was op die datum van sy aftrede
- Impesheni etholwa yizingane ezingokomthetho ingakhokhwa kuze kube yilapho izingane ziba neminyaka engu-21
- Die kwalifiserende kinders se pensioene is betaalbaar totdat die kinders 21 word
- As daar 'n fisies of verstandelik ongeskikte kind is, kan daar 'n lewenslange pensioen aan die kind toegeken word, onderhewig aan sekere voorwaardes en
- As daar meer as een huishouding is met meer as een gade en kwalifiserende kinders, kan die pensioen nie 100% van die totale pensioen oorskry nie en word dit gelyk verdeel volgens die aantal eggenote en kwalifiserende kinders.

# Sterfte van 'n indienslid

### *Sterfte in diens met afhanklikes – gade/s en kwalifiserende kinders*

Wanneer 'n indienslid sterf terwyl hy nog in diens is en 'n gade/s en/of kwalifiserende kinders agterlaat, is die lomp som en maandelikse pensioen soos volg betaalbaar:

**'n Lomp som gelyk aan tweemaal die jaarlikse pensioengewende salaris is betaalbaar. Die deel van die lomp som wat toegeken is aan die kwalifiserende kind/ers kan belê word in die EPPF-paaiementlompsom-rekening**

+

**'n Maandelikse pensioen gelyk aan 60% van die pensioen wat jy sou gekry het op die ouderdom van 65 as jy nie gesterf het nie, is betaalbaar aan die kwalifiserende gade/s. As daar meer as een gade is, word die 60% gelykop onder die eggenote verdeel**

**As daar een kwalifiserende kind is, is 'n verdere pensioen gelyk aan 30% van jou pensioen betaalbaar. As daar twee of meer kwalifiserende kinders is, verhoog die kinders se pensioen na 40% van jou pensioen en word dit gelykop verdeel onder die kwalifiserende kinders**

Die maandelikse pensioen wat betaalbaar is, kan nie 100% van die pensioen oorskry waarop die afgestorwe lid geregtig sou gewees het as hy/sy tot op 65-jarige ouderdom in diens gebly het nie.

Ander feitelike afhanklikes of genomineerdes kan in aanmerking kom vir die toekenning van die lompsom-voordeel, maar hulle is nie geregtig op 'n maandelikse pensioen nie.

## *Sterfte in diens met afhanklikes – slegs kwalifiserende kinders*

**Wanneer 'n indienslid sterf terwyl hy nog in diens is en slegs kwalifiserende kinders agterlaat, is die lomp som en maandelikse pensioen soos volg betaalbaar:**

'n Lomp som gelyk aan tweemaal jou jaarlikse pensioengewende salaris is betaalbaar. Die lomp som kan belê word in die EPPF-paaiementlompsom-rekening totdat die kind/ers 21 jaar oud is.

+

**'n Maandelikse pensioen gelyk aan 60% van die pensioen waarop jy geregtig sou gewees het as jy tot op die ouderdom van 65 in diens gebly het, as daar een kwalifiserende kind is. As daar twee of meer kwalifiserende kinders is, verhoog die pensioen na 100% en word dit gelykop onder hulle verdeel. Die kinders se pensioen moet aan 'n voog betaal word**

**Ander feitelike afhanklikes of genomineerdes kan in aanmerking kom vir die toekenning van die lompsom-voordeel.**

# *Sterfte in diens sonder afhanklikes*

**Wanneer 'n indienslid sterf terwyl hy nog in diens is maar nie 'n gade/s of kwalifiserende kinders agterlaat nie, is 'n lompsom-voordeel betaalbaar gelyk aan wat ook al die grootste is:semali esithi asilingane nalokhu okulandelayo:**

Jou jaarlikse pensioengewende salaris op die datum van afsterwe;

+

10% van jou finale gemiddelde salaris per jaar van pensioengewende diens;

+

Tweemaal jou jaarlikse pensioengewende salaris;

**Geen verdere voordeel is betaalbaar nie.**

Hierdie voordeel is betaalbaar as 'n lomp som en kan verdeel word onder feitelike afhanklikes of genomineerde begunstigdes soos hierbo beskryf.

# *Sterfte van 'n pensioenaris*

Sterfte ná aftrede met afhanklikes – gade/s en kwalifiserende kinders

Wanneer 'n pensioenaris ná aftrede sterf en 'n kwalifiserende gade/s en kwalifiserende kinders agterlaat, is 'n lomp som en maandelikse pensioen soos volg betaalbaar:

'n Lomp som gelyk aan **R3000** word betaal aan die oorlewende kwalifiserende gade/s en/of kwalifiserende kinders

+

'n Maandelikse pensioen gelyk aan 60% van die oorlede pensioenaris se pre-gekommuteerde pensioen is betaalbaar aan die kwalifiserende gade/s. As daar meer as een gade is, word die 60% gelykop onder die eggenote verdeel

+

As daar een kwalifiserende kind is, 'n verdere pensioen gelyk aan 30% van die oorledene se pensioen betaalbaar. As daar twee of meer kwalifiserende kinders is, verhoog die kinders se pensioen na 40% van die oorlede pensioenaris se pensioen en word dit gelykop verdeel onder die kwalifiserende kinders

**Die maandelikse pensioen wat betaalbaar is, kan nie 100% oorskry nie.**
Die betaalbare pensioen word bereken gebaseer op die volle pensioen ("pre-gekommuteerde pensioen") wat aan die pensioenaris betaalbaar was op die aftreedatum, voordat enige deel as 'n kontant-lompsom geneem is. So, selfs al het die pensioenaris 'n deel van die betaling in kontant geneem by aftrede, word die betaalbare pensioen aan die gade/s en kwalifiserende kinders bereken asof geen kontant geneem is nie, en dit sluit al die verhogings in wat die pensioenaris ontvang het tot op die sterfdatum.

## *Sterfte ná aftrede met afhanklikes – slegs kwalifiserende kinders*

**As 'n pensioenaris ná aftrede sterf en slegs kwalifiserende kinders agterlaat, is 'n lomp som en maandelikse pensioen soos volg betaalbaar:**

'n Lomp som gelyk aan **R3000** word betaal aan kwalifiserende kinders;

+

'n Maandelikse pensioen gelyk aan **60%** van die oorlede pensioenaris se pre-gekommuteerde pensioen is betaalbaar as daar een kwalifiserende kind is. As daar twee of meer kwalifiserende kinders is, verhoog die pensioen tot 100% en word dit gelykop onder hulle verdeel. Die kinders se pensioen sal aan 'n voog betaal word

### Die maandelikse pensioen wat betaalbaar is, kan nie 100% oorskry nie.

Die betaalbare pensioen word bereken gebaseer op die "pre-gekommuteerde pensioen" wat aan die oorlede pensioenaris betaalbaar was op die aftreedatum. Selfs al het die pensioenaris 'n deel van die betaling in kontant geneem by aftrede, word die betaalbare pensioen aan die oorledene se kwalifiserende kinders bereken asof geen kontant geneem is nie, en dit sluit al die verhogings in wat die oorledene ontvang het tot op die sterfdatum.

**Ander feitelike afhanklikes of genomineerdes kan in aanmerking kom vir die toekenning van die R3000 lompsom-voordeel.**
Die betaalbare pensioen word bereken gebaseer op die pre-gekommuteerde pensioen wat aan die oorlede pensioenaris betaalbaar was op die aftreedatum. Selfs al het die pensioenaris 'n deel van die betaling in kontant geneem by aftrede, word die betaalbare pensioen aan die oorledene se kwalifiserende kinders bereken asof geen kontant geneem is nie, en dit sluit al die verhogings in wat die oorledene ontvang het tot op die sterfdatum.

# *Sterfte ná aftrede met geen afhanklikes*

**Indien 'n pensioenaris ná aftrede sterf sonder om 'n gade/s en kwalifiserende kinders agter te laat, is die volgende voordeel betaalbaar aan sy/haar boedel:**

'n Lomp som gelyk aan **R3000;**

+

**'n Voordeel gelyk aan die grootste van:**
Die lid se jaarlikse pensioengewende salaris op die datum van aftrede

+

**10%** van die oorledene se finale gemiddelde salaris per jaar van pensioengewende diens

−

Die pensioenvoordele wat reeds ontvang is sedert aftrede tot die datum van afsterwe

OF

Tweemaal die pensioenaris se jaarlikse pensioengewende salaris op die datum van aftrede

−

Die pensioenvoordele wat reeds ontvang is sedert aftrede tot die datum van sy/haar dood

Geen verdere voordeel is betaalbaar nie.

**Hierdie voordeel is betaalbaar ingevolge Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse.**

# Sterfte van 'n uitgestelde pensioenaris

## Sterfte ná uitstel, maar voor uitgestelde aftrede

As 'n lid sy voordeel in die EPPF uitstel en sterf voordat hy/sy 'n pensioen kry, word 'n lomp som gelyk aan die totale opgehoopte waarde (oordragwaarde plus rente) betaal ingevolge Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse.



## Sterfte ná aftrede met afhanklikes – gade en kwalifiserende kinders

As 'n lid wat 'n uitgestelde pensioenaris was ná aftrede sterf, is die volgende voordeel betaalbaar aan die gade/s en kwalifiserende kinders:

- 'n Maandelikse pensioen gelyk aan 60% van die pensioen wat die oorlede lid gekry het op die sterfdatum is betaalbaar aan die kwalifiserende gade/s. As daar meer as een gade is, word die 60% gelykop onder die eggenote verdeel
- As daar een kwalifiserende kind is, is 'n verdere pensioen gelyk aan 30% van die pensioen betaalbaar wat die lid ontvang het ten tye van afsterwe. As daar twee of meer kwalifiserende kinders is, verhoog die pensioen na 40% van die pensioen wat die lid ontvang het ten tye van afsterwe en word dit gelykop verdeel onder die kwalifiserende kinders

Die maandelikse pensioen wat betaalbaar is, kan nie 100% oorskry nie. Die kwalifiserende gade/s moet 'n gade/s wees met wie die lid getroud was met die aanvang van die pensioen. As 'n uitgestelde lid getrou het nadat hy/sy begin het om 'n pensioen van die EPPF te ontvang, sal die oorlewende gade nie daaroor kwalifiseer om 'n pensioen te kry wanneer die lid sterf nie.

## Sterfte ná aftrede met afhanklikes – slegs kwalifiserende kinders

As 'n uitgestelde lid aftree en daarna sterf, is die volgende voordeel slegs aan die gematigde kinders betaalbaar:

'n Maandelikse pensioen gelyk aan 60% van die pensioen wat die lid gekry het op die sterfdatum is betaalbaar as daar een kwalifiserende kind is. As daar twee of meer kwalifiserende kinders is, verhoog die pensioen na 100% van die pensioen wat die lid gekry het ten tye van afsterwe en word dit gelykop onder hulle verdeel.

Die kinders se pensioen sal aan 'n voog betaal word..

## Sterfte ná aftrede met geen gade/s en geen afhanklikes

As 'n uitgestelde pensioenaris sterf en geen kwalifiserende gade/s en geen kwalifiserende kinders agterlaat nie, sal die pensioen ophou op die datum van die lid se dood.

Geen verdere voordele is betaalbaar nie.

# *Dokumente wat nodig is by afsterwe*

**By afsterwe van 'n indienslid, pensioenaris of uitgestelde pensioenaris moet die afhanklikes en/of begunstigdes die Aansoek om sterftevoordele-vorm invul en die volgende dokumente voorsien, waar van toepassing:**

- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die oorledene se doodsertifikaat
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die oorledene se identiteitsdokument of paspoort
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die huweliksertifikaat of gewoonteverbintenis-sertifikaat
- Bewys van permanente lewensmaat
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die gade se identiteitsdokument of paspoort (indien van toepassing)
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopieë van geboortesertifikate, aannemingsdokumente of identiteitsdokumente van kinders onder 21
- In die geval van 'n mondige kind met 'n permanente of fisiese ongeskiktheid; 'n oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die identiteitsdokument van daardie kind en mediese bewys dat permanente ongeskiktheid voor die ouderdom van 21 begin het
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopieë van enige egskeidingsbevel
- 'n Gestempelde bankbrief met die afhanklike se bankrekeningbesonderhede of 'n oorspronklike bankstaat met die bank se stempel op die vorm
- 'n Paspoortgrootte foto van die weduwee/wewenaar-pensioenaris vir 'n pensioenariskaart
- Algemene hofbevele en onderhoudbevele
- Bewys van volgehoue mediesefonds-lidmaatskap

Indien 'n indienslid sterf, moet die Aansoek om sterftevoordele-vorm en relevante dokumente ingedien word by die werkgewer se menslike hulpbron-kantoor, wat dan die dokumente by die EPPF sal indien.

Indien 'n pensioenaris of 'n uitgestelde pensioenaris sterf, moet die Aansoek om sterftevoordele-vorm en relevante dokumente ingedien word by die EPPF of die werkgewer se menslike hulpbron-kantoor, wat dan die dokumente by die EPPF sal indien.

# Egskeiding- en pensioenvoordele

Indien jy van jou gade skei terwyl jy in diens is, sal jou pensioenfonds-voordeel in die EPPF dalk in aanmerking geneem word as deel van die egskeidingskikking. Ingevolge die "skoon breek"-beginsel van die wet, moet enige deel van 'n lid se pensioenbelang wat volgens bevel betaal moet word aan die nielid-gade onmiddellik betaal word, en die EPPF is wetlik verplig om dit te doen wanneer al die dokumente ontvang is.

Gedurende die skeisaak sal dit van jou en jou gade (nielid-gade) afhang om ooreen te kom oor die persentasie, indien enige, wat die nielid-gade kan eis. Hierdie ooreenkoms sal 'n hofbevel word en sal in die egskeidingsbevel genoem word. Die lid van die EPPF of die voormalige gade moet die EPPF van die egskeidingsbevel in kennis stel.

'n Egskeidingsbevel wat vir die EPPF regtens bindend is, moet voldoen aan streng voorskrifte soos vereis deur die Egskeidingswet en 'n kopie moet aan die EPPF voorsien word. As die bevel bindend is, moet die volgende dokumente ingegee word wanneer 'n eis ingedien word:

**'n Egskeidingsbevel sal bindend wees as dit voldoen aan die volgende:**

- Dit hou verband met 'n indienslid
- Die naam van die fonds (EPPF) is in die bevel gespesifiseer
- Die bevel ken 'n spesifieke bedrag of persentasie van pensioenbelang toe
- Dit verwys spesifiek na die lid se pensioenbelang in die fonds (EPPF)
- Dit beveel die fonds om direk betaling te maak aan die nielid-gade of om die bedrag oor te betaal na 'n fonds wat deur die nielid-gade gekies is
- 'n Voltooide Egskeidingskikking-aansoekvorm, wat verkry kan word op die EPPF se ledeportaal by www.eppf.co.za
- 'n Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die egskeidingbevel, asook die skikkingsooreenkoms
- Die eiser se bankbesonderhede ('n oorspronklike bankstaat of 'n brief van die bank met 'n bankstempel)
- 'n Oorspronklike, gesertifiseerde kopie van die eiser se identiteitsdokument

**Die volgende standaarddokumente word gevra wanneer jy aansoek doen vir 'n trustvoorskot:**

1. 'n Getekende versoekbrief van die voog en van die kind as hy/sy 18 jaar en ouer is.
2. 'n Kopie van die voog se nuutste bankstate vir drie maande.
3. 'n Kwotasie van die skool, winkel of enigiets waarmee hulle hulp nodig het op 'n briefhoof met 'n stempel.
4. 'n Kopie van die voog se ID en die kind se geboortesertifikaat of ID.
5. Die skool se bankbesonderhede met die skoolstempel.

Ingevolge die huidige belastingregulasies sal die bedrag wat aan die nielid-eks-gade betaal word, belas word in die hande van die ontvanger en daarom moet die eiser 'n geregistreerde belastingbetaler by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens wees sodat die EPPF die voordeel kan betaal.

Wanneer al die dokumente by die EPPF ingedien is, en indien al die dokumente in orde is, sal die voordeel binne 60 dae betaal word.

Indien 'n deel van 'n indienslid se pensioenbelang volgens die egskeidingsbevel aan die eks-gade betaal moet word, sal die 'jare van diens'-faktor beïnvloed word in die aftreeformule wat gebruik word, en die indienslid se veronderstelde begindatum sal aangepas word. Dit sal die lid se voordele verminder wat betaalbaar is by onttrekking, besnoeiing, aftrede en sterfte.

Vir 'n uitgestelde pensioenaris word die opgehoopte waarde (oordragwaarde plus rente) in die EPPF verminder gelyk aan die bedrag wat aan die voormalige gade betaal is. Maar die egskeidingskikkingsbedrag kan slegs afgetrek word as die egskeidingsbevel verkry is voordat die voordeel uitgestel is.

### Let wel:

Dit kan langer duur om 'n voordeel te verwerk wat inbetaal word by 'n bank buite Suid-Afrika as 'n voordeel wat inbetaal word by 'n plaaslike bankrekening, omdat die EPPF moet wag vir die oorspronklike, voltooide Internasionale bank-vorm. As jy jou voordeel wil ontvang in 'n bank buite Suid-Afrika beveel ons aan dat jy die Internasionale bank-vorm ten minste twee of drie maande voor jou aftrede na jou bank stuur sodat dit die EPPF betyds kan bereik.

### Doodskennisgewings:

'n Lid (indienslid, pensioenaris, uitgestelde pensioenaris) se afhanklikes en/of begunstigdes moet die EPPF kontak en hulle in kennis stel van die lid se dood sodat die EPPF die proses van ondersoek en toekenning van die voordeel kan begin.

# Klagtes en geskille

Die EPPF het 'n klagteprosedure.

As jy enige navraag het wat nie met die gewone navraagmetodes opgelos is nie, mag jy 'n klagte indien by die EPPF

'n Klagte moet skriftelik gedoen word en na die EPPF gepos word of per e-pos gestuur word na complaints@eppf.co.za. Die EPPF moet binne 30 dae na 'n klagte wat so ingedien is skriftelik daarop antwoord.

As jy nie tevrede is met die antwoord nie, of as die EPPF nie binne 30 dae na ontvangs van die klagte antwoord nie, het jy die opsie om die klagte in te dien by die Pensioenfondsberegter. Die Pensioenfondsberegter kan gekontak word by www.pfa.org.za of +27 12 748 4000.

# Kommunikasiekanale van die EPPF

Ons het verskeie kommunikasiekanale waardeur jy hulp kan kry.

### Aftreefondskonsultante

Die EPPF se aftreefondskonsultante besoek gereeld die verskillende Eskom-kantore om lede, uitgestelde pensioenarisse en pensioenarisse persoonlik van hulp te voorsien indien hulle enige navrae het. Hierdie konsultante hou ook gereeld inligtingsessies vir lede oor die EPPF.

## Inbelsentrum en instapsentrum

Ons moedig jou aan om vir navrae ons tolvrye inbelsentrum te skakel by **0800 11 45 48**.

Instapsentrums is beskikbaar by die EPPF se hoofkantoor in Bryanston, Johannesburg en in Eskom Park, Emalahleni (Witbank) asook Oos-Londen, Kaapstad, Durban en Polokwane. Die inbelsentrum en instapsentrums is oop van 08:00 tot 16:45 van Maandag tot Vrydag.

Kontak ons asseblief om enige persoonlike veranderinge en/of kontakbesonderhede by te werk.

**Addresses for the EPPF Walk-in Centres are as follows:**

## Inbelsentrum en instapkantoor

- **Bryanston-instapkantoor:**
  EPPF Office Park, Isivuno House
  24 Georgian Crescent East
  Bryanston East
  Johannesburg
  2191
  Tel: 011 709 7400

- **Emalahleni-instapkantoor:**
  House No. 27
  Eskom Park
  Visagie Street
  Emalahleni
  1035
  Tel: 013 693 3240 / 013 693 3918

- **Oos-Londen-instap-satellietsentrum:**
  Sunilaws Office Park, Block A
  Corner Quenera Drive & Bonza Bay Road
  Beacon Bay
  East London
  5241
  Tel: 043 703 5772

- **Limpopo-instap-satellietsentrum:**
  66 Hans Van Rensburg Street
  Polokwane Central
  Polokwane
  0700
  Tel: 015 230 1392

- **Kaapstad-instap-satellietsentrum::**
  Eskom Regional Office
  60 Voortrekker Road
  Bellville
  7530
  Tel: 021 915 2721

- **Durban-instap-satellietsentrum:**
  Eskom Regional office
  25 Valley View Road
  New Germany
  3620
  Tel: 031 710 5206

## Skriftelike navrae

**Skriftelike navrae kan op een van die volgende maniere ingedien word:**

- E-pos: **info@eppf.co.za**
- Aanlyn-kontakvorm:

Gaan na **www.eppf.co.za**
  Gaan na die "Contact us"-gedeelte
  Kliek op "Send Us a Message" om 'n e-pos deur ons webtuiste te stuur; of

- Faks: 0866 815 449
- Pos: Private Bag X50, Bryanston, 2021

**Let wel:** Wanneer 'n lid die EPPF kontak, moet hy/sy altyd sy/haar unieke nommer of ID-nommer gee**.**

- Om bedrog of korrupsie te rapporteer, kontak die Vuvuzela-blitslyn by 0800 212 320

### Vrywaring

Die EPPF tref redelike voorsorg om te verseker dat die inligting in hierdie boekie akkuraat en volledig is. Maar al die inligting wat voorsien word, is slegs vir algemene doeleindes. Die inligting is nie bedoel om breedvoerig en gedetailleerd te wees nie. Lede moenie staatmaak op die inligting in hierdie boekie as 'n alternatief vir die bepalings van die Reëls van die EPPF nie. Die EPPF maak geen stellings, beloftes of waarborge – of dit nou uitdruklik of geïmpliseer is – oor die akkuraatheid, volledigheid of toereikendheid van die inligting in hierdie boekie nie.

Die EPPF aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies of skade wat mag voortspruit omdat die inligting in hierdie boekie gebruik of daarop vertrou is nie.

As daar enige teenstrydigheid is tussen die inligting in die boekie en die EPPF se reëls, sal die reëls geld.





### Eskom-Pensioen- En Voorsorgfonds

Webtuiste: **www.eppf.co.za**
Tolvry-nommer: **0800 11 45 48**
Landlyn: **+27 11 709 7492**
Faksnommer: **0866 815 449**
E-pos: **info@eppf.co.za**
Posadres: **Private Bag 50, Bryanston, 2021**

# Derdeparty-Kontakbesonderhede

### Eskom- Verpligte Sterftevoordeel

Kontak: **T Mahiti or P Nkuna**
Nommer: **011 800 8597 / 011 800 2612**
Faks: **086 668 6065**
E-pos: **tembisa.mahiti@eskom.co.za or**
**piet.nkuna@eskom.co.za**

### Sanlam Se Kontakbesonderhede | Vrywillige Begrafnisskema

Navrae oor die nuwe skema en jou voordele moet gerig word aan Sanlam by:

Nommer: **0860 276 885**
E-pos: **eskomqueries@sanlamsky.co.za**

### Bestaande rekordaanpassings en indiening van eise

Telefoonnommer: **0860 302 922**
Faksnommer: **0860 276 884**
E-pos vir eise: **eskomclaims@sanlamsky.co.za**
E-pos vir dienste: **eskomservicing@sanlamsky.co.za**

### Indwe | Motor- En Huishoudelike Versekeringseise

Inbelsentrum: **0860 843 244 / +27 11 912 7300**
E-pos: **hobackline@indwerisk.co.za**
Huiseienaar nuwe eise: **newclaims@indwerisk.co.za**

Eskom
Pension and Provident Fund

Invested in our
*members*